




WYKS- KOMITEES

BURGERS SE
REGSTREEKSE INSPRAAK
IN PLAASLIKE REGERING



ONS DEEL ONS DIEN ONS DOEN

INLEIDING

Munisipaliteit Overstrand is daarvoor bekend dat sy wykskomiteestelsel uitstekend funksioneer. As ons hierdie stelsel egter wil handhaaf en dalk selfs daarop wil verbeter, moet ons verseker dat die gemeenskap betrek word by die verkiesing van wykskomiteelede en 'n sê het in hoe daardie lede funksioneer. Die verkiesing van wykskomiteelede gaan na afloop van die plaaslike regeringsverkiesing op 1 November 2021 in al 14 wyke plaasvind.

Wykskomitees word beskou as 'n instrument om goeie staatsbestuur op die vlak van plaaslike regering te bevorder deurdat hulle by beplanning, begrotingsprosesse en die monitering en evaluering van programme en projekte betrek word. 'n Wykskomitee bestaan uit die Wyksraadslid en 'n maksimum van 10 (tien) ander mense wat verkies word om organisasies/ sektore of geografiese blokke te verteenwoordig, met dien verstande dat laasgenoemde almal binne die grense van daardie spesifieke munisipale wyk moet val. Alle wykskomiteevergaderings moet vrylik toeganklik wees vir die publiek.

Wykskomitees, tesame met Overstrand se Municipale Adviesforum – OMAF – sal as die amptelike skakelmeganisme tussen die munisipaliteit en die gemeenskap dien in gevalle waar 'n aangeleentheid moontlik 'n impak op die gemeenskap kan hê. Gegewe hierdie agtergrond, is dit belangrik om die regte mense te verkies wat na behore toegerus en bevoeg is om hul taak te verrig.

In hierdie brosjure kan jy meer te wete kom van daardie riglyne wat die vernaamste impak op die samestelling van 'n wykskomitee het. Hierdie riglyne is 'n uittreksel van die Wykskomitee Reëls van die Overstrand Munisipaliteit.



© CoGTA

WAARDES

- Ter bevordering van 'n deelnemende demokrasie word inwoners via die wykskomiteestelsel genooi om deel te hê aan:
 - die voorbereiding en implementering van die geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP)
 - die daarstelling van 'n stelsel om prestasie te bestuur
 - die voorbereiding van die jaarlikse begroting
 - daardie strategiese besluite wat 'n impak op die lewering van munisipale dienste het.
- Lede van 'n wykskomitee moet minstens op 'n kwartaallikse basis terugrapporteer aan diegene wat hulle verkie het (d.w.s. daardie organisasies/sektore/of blokke binne 'n geografiese gebied aan wie hulle hul nominasie te danke het).

VERKIESING

1. Geregistreerde kiesers wie se naam op die kieserslys van 'n spesifieke wyk verskyn, word genooi om deel te neem aan die wykskomiteeverkiesings en is verteenwoordigend van:
 - 1.1 organisasies (verteenwoordigend van spesifieke gemeenskapsbelange binne daardie wyk, soos die jeug, vroue, geloofsgroeperings, belastingbetalerverenigings, maar nie politieke partye nie, ens),
 - 1.2 sektore (verteenwoordigend van die gemeenskap se breër gedeelde belang [oorkoepelende liggaam/struktuur] soos sport en ontspanning, gesondheid en welsyn, ens.),
 - 1.3 geografiese blok (verteenwoordig die belang van 'n geïdentifiseerde geografiese blok (bv. buurt, uitbreiding, dorpie) in 'n spesifieke wyk).
2. Die Municipale Bestuurder sal in die plaaslike koerant(e) 'n kennisgewing publiseer vir die vestiging van 'n wykskomitee in die verskillende wyke van die municipaliteit deur middel van nominasies te versoek vir organisasies, sektore en geografiese blokke.
3. Om verkiesbaar te wees, moet die organisasies/sektore vir ten minste binne ses (6) maande in bedryf wees, behalwe vir nuutgestigte organisasies wat regstreeks die belang van vroue, jeugdiges, gestremdes en bejaardes verteenwoordig.
4. Geen raadslid, munisipale werknemer of persoon in diens van 'n ander sfeer (Provinsiaal/Nasionaal) van die regering mag verkies word nie.
5. Verkiesings vir Wykskomitees vind gedurende die dag plaas, vanaf 10:00 tot 19:00 op dae wat deur die Municipale Bestuurder bepaal is.
6. Minstens 2 (twee) organisasies/sektore moet as lede van 'n bepaalde wykskomitee verkies word, terwyl die balans uit 'n geografiese blok gekies kan word.
7. Die verkiesing vind plaas by wyse van 'n deurloopproses, min of meer soortgelyk aan die proses wat die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) op verkiesingsdag(e) volg.
8. Slegs verkiesingspersoneel, die wyksraadslid en ander waarnemers sal toegelaat word om binne die verkiesingslokaal te bly vir die duur van die verkiesingsproses.

- Alle toepaslike COVID-19 protokolle, uitgerek in gevolge artikel 27(2) van die Wet op Rampbestuur, 2002, sal op alle verkiesingsplekke waargeneem word.

HANDELINGE

- 'n Wyksomite moet minstens maandeliks vergader, behalwe wanneer die Raad in reses is.
- Alle vergaderings moet oop wees vir die publiek en enige inwoner mag die vergadering toespreek.
- Vergaderings mag nie vir langer as twee ure duur nie, behalwe openbaar aangekondigde kwartaallikse terugvoervergaderings wat nie langer as drie ure mag duur nie.
- Alle kwartaallikse terugvoervergaderings moet ná munisipale werksure gehou word.
- Wyksomitelede of hul sekundes sal vergoed word vir uitgawes wat hulle persoonlik aangaan ooreenkomsdig die tarief skedule soos van tyd-tot-tyd aangepas vir laasgenoemde doeleinades.
- Die munisipale administrasie sal verskillende vorms van administratiewe en tegniese steun verleen om die wyksomiteestelsel te verstrek.
- 'n Wyksomite se ampstermy stem ooreen met dié van die Raad.

GEDRAGSKODE VIR WYKSKOMITEELEDE

Die kode is 'n stel riglyne om goeie gedrag van individuele wyksomiteelede te bevorder en om goeie verhoudinge met die gemeenskap, administrasie en die Raad te kweek.

Deur die kode te onderteken, beloof wyksomiteelede om hul pligte/verpligte met integriteit, eerlikheid en op 'n deursigtige wyse uit te voer.

NAVRAE:

AREA	WYK	KANTOOR LIGGING	CONTACT DETAILS	
Kleinmond Administrasie	9 & 10	33 5de Laan	Snr Bestuurder: Kleinmond Admin	028-271 8400
Hermanus Administrasie	3,7,8 &13	1 Magnolia Straat,	Snr Bestuurder: Hermanus Admin	028-313 8112
Hermanus Administrasie	4,5,6 & 12	1 Magnolia Straat,	Bestuurder: Hermanus Admin.	028-313 8921
Gansbaai Administrasie	1,2,11&14	Hoofweg	Snr Bestuurder: Gansbaai/Stanford Admin.	028-384 8300



Ons deel



Ons dien



Ons doen